BLOEMFONTEIN BAPTISTE

Datum: ______________________

# BERGREDE: BEGINSELS VIR CHRISTENE

## DEEL 3: VERGELDING, VYANDE EN JOU REAKSIE

## Vergelding

**Matteus 5:38-42** Julle het gehoor dat daar gesê is: ''n Oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n
tand.' [39] Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle nie teen 'n kwaadwillige mens verset nie.
As iemand jou op die regterwang slaan, draai ook die ander wang na hom toe. [40] As
iemand jou hof toe wil vat om jou onderklere te eis, gee hom ook jou boklere. [41] As
iemand jou dwing om sy goed een kilometer ver te dra, dra dit vir hom twee kilometer.
[42] Gee aan hom wat iets van jou vra, en moet hom wat van jou wil leen, nie afwys nie.

---

---

---

## Vyande

**Matteus 5:43-47** Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jou naaste moet jy liefhê en jou
vyand moet jy haat.' [44] Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet
bid vir dié wat vir julle vervolg, [45] sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die
hemel. Hy laat immers sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat
reg doen en oor dié wat verkeerd doen. [46] As julle net dié liefhet wat vir julle liefhet,
watter loon kan julle dan nog verwag? Maak die tollenaars nie ook maar net so nie? [47]
En as julle net julle broers groet, wat doen julle meer as ander? Maak die heidene nie
ook maar net so nie?

> **Romeine 12:14-21** Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek
> nie. om [15] Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur.
> [16] Wees eensgesind onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar
> julle by die nederiges. Moenie eiewys wees nie. [17] Moenie kwaad met kwaad
> vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. [18] As dit moontlik is, sover
> dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. [19] Moenie self wraak neem
> nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers
> geskrywe: "Dit is mý reg om te straf; Ék sal vergeld," sê die Here. [20] "As jou
> vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te
> drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte." [21] Moet jou
> nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.
>
> **Efesiërs 5:1** Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg.

**Matteus 5:48** Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is.

> **Matteus 5:3** Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.
>
> **1 Johannes 4:19** Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.
>
> **Romeine 5:8** Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

---

---

---

Vir wie moet jy begin bid?

Wie moet jy vergeef?

---

---

---

**Kleingroep Opleiding**
**30 Nov om 16h30**

*Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui*